UNION OF SOUTH AFRICA
UNIE VAN SUID-AFRIKA

Government Gazette
Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. CLXXXVIII.] PRICE 6d. PRETORIA, 17 MAY / 17 MEI 1957. PRYS 6d. [No. 5870.

CONTENTS ON BACK PAGES.

INHOUD AGTERIN.

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 129, 1957.]

DEFINITION OF PROPOSED GROUP AREA IN THE MUNICIPAL AREA OF CAROLINA, IN THE PROVINCE OF THE TRANSVAAL.

Under the powers vested in me by sub-section (1) of section *three bis* of the Group Areas Act, 1950 (Act No. 41 of 1950), as amended, I do hereby declare that I propose to proclaim, in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *three* of the said Act, the area defined in the Schedule hereto as an area for occupation by members of the Indian Group.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-ninth day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-seven.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

SCHEDULE.

AREA SITUATED IN THE MUNICIPAL AREA OF CAROLINA, DISTRICT OF CAROLINA.

INDIAN GROUP.

Area comprising 36·9135 morgen of land over portion of the farm Carolina Town and Townlands No. 255, District Carolina, as represented with Diagram L.G. No. A.3025/55.

No. 130, 1957.]

DECLARATION OF GROUP AREAS IN THE MUNICIPAL AREA OF CAROLINA, IN THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Under the powers vested in me by section *three* of the Group Areas Act, 1950 (Act No. 41 of 1950), I do hereby declare—

(1) that the area defined in paragraph (a) of the Schedule hereto shall—

(*a*) as from the expiration of four years from the date of publication hereof, be an area for occupation by members of the White Group; and

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 129, 1957.]

OMSKRYWING VAN VOORGESTELDE GROEPSGEBIEDE IN DIE MUNISIPALE GEBIED CAROLINA, IN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *drie bis* van die Wet op Groepsgebiede, 1950 (Wet No. 41 van 1950), soos gewysig, verklaar ek hierby dat ek voornemens is om die gebied wat in die Bylae hiervan omskryf word, kragtens paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *drie* van genoemde Wet as 'n gebied vir okkupasie deur lede van die Indiërgroep te verklaar.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Nege-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Sewe-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

BYLAE.

GEBIED GELEË BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED CAROLINA, DISTRIK CAROLINA.

INDIËRGEBIED.

Gebied bestaande uit 36·9135 morge grond oor gedeelte van die plaas Carolinadorp en Dorpsgronde No. 255, distrik Carolina, soos voorgestel met Kaart L.G. No. A.3025/55.

No. 130, 1957.]

VERKLARING VAN GROEPSGEBIEDE IN DIE MUNISIPALE GEBIED VAN CAROLINA, IN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie* van die Wet op Groepsgebiede, 1950 (Wet No. 41 van 1950), verklaar ek hierby—

(1) dat die gebied omskrywe in paragraaf (*a*) van die Bylae hiervan—

(*a*) na afloop van vier jaar vanaf die datum van publikasie van hierdie Proklamasie 'n gebied vir okkupasie deur lede van die blanke groep is; en

(*b*) as from the date of publication hereof, be an area for ownership by members of the White Group; and

(2) that the area defined in paragraph (*b*) of the Schedule hereto shall—

(*a*) after the expiration of one year from the date of publication hereof, be an area for occupation by members of the Indian Group; and

(*b*) as from the date of publication hereof, be an area for ownership by members of the Indian Group.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-ninth day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-seven.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

SCHEDULE.

AREAS SITUATED IN THE MUNICIPAL AREA OF CAROLINA, DISTRICT OF CAROLINA.

WHITE GROUP.

(*a*) Beginning at the north-western beacon (lettered A on Diagram S.G. No. A.4584/05) of Carolina Town and Townlands No. 255, in the Magisterial District of Carolina; thence generally eastwards along the irregular northern boundary of the said Carolina Town and Townlands No. 255 to the north-western beacon of Portion 30 (a portion of portion) (Diagram S.G. No. A.4296/45) of Carolina Town and Townlands No. 255; thence generally south-eastwards along the boundaries of and excluding the following portions; the said Portion 30, Portion 28 (A.4297/45), Portion 27 (Diagram S.G. No. A.3996/44) and Portion 8 of portion (Diagram S.G. No. A.707/28), all of Carolina Town and Townlands No. 255 to the south-eastern beacon of the last-named Portion 8, common thereto and the north-eastern beacon of portion (Diagram No.1243/96) of the farm Groenvallei No. 193; thence south-westwards, southwards and eastwards, along the northern, western and southern boundaries respectively of the said portion to Versfeld Street; thence southwards along Versfeld Street to Van Riebeeck Street; thence eastwards along Van Riebeeck Street to the most easterly beacon of Erf No. 459, Carolina Town; thence generally southwards along the boundaries of and including the following erven in Carolina Town: Erven Nos. 459 and 463 to the most southern beacon of the last-named Erf No. 463 on Voortrekker Street; thence eastwards along Voortrekker Street to the eastern boundary of Du Toit Street; thence southwards along the eastern boundary of Du Toit Street to the southern boundary of Pearce Street; thence north-westwards along the southern boundary of Pearce Street and its extension to where it meets the north-eastern boundary of portion (Diagram S.G. No. A.4805/06) of Carolina Town and Townlands and further north-westwards along the north-eastern boundary of the said portion to its most northerly beacon on the western boundary of Carolina Town and Townlands No. 255; thence northwards along the said western boundary to the north-western beacon (lettered A on Diagram S.G. No. A.4584/05) of Carolina Town and Townlands, the point of commencement.

(*b*) vanaf die datum van publikasie van hierdie Proklamasie 'n gebied vir grondbesit deur lede van die blanke groep is; en

(2) dat die gebied omskrywe in paragraaf (*b*) van die Bylae hiervan—

(*a*) na afloop van een jaar vanaf die datum van publikasie van hierdie Proklamasie 'n gebied vir okkupasie deur lede van die Indiërgroep is; en

(*b*) vanaf die datum van publikasie van hierdie Proklamasie 'n gebied vir grondbesit deur lede van die Indiërgroep is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Nege-en-twintigste dag van April Een duisend Negehonderd Sewe-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

BYLAE.

GEBIEDE GELEË BINNE DIE MUNISIPALE GEBIED VAN CAROLINA, DISTRIK CAROLINA.

BLANKE GROEP.

(*a*) Met aanvangspunt die noordwestelike baken (geletter A op Kaart L.G. No. A.4584/05) van Carolinadorp en -dorpsgronde No. 255, in die magistraatsdistrik Carolina; daarvandaan algemeen ooswaarts langs die onreëlmatige noordelike grens van genoemde Carolinadorp en -dorpsgronde No. 255 tot by die noordwestelike baken van Gedeelte 30 ('n gedeelte van gedeelte) (Kaart L.G. No. A.4296/45) van Carolinadorp en -dorpsgronde No. 255; daarvandaan algemeen suidooswaarts langs die grense van en uitsluitende die volgende gedeeltes: Genoemde Gedeelte 30, Gedeelte 28 (A.4297/45), Gedeelte 27 (Kaart L.G. No. A.3996/44) en Gedeelte 8 van gedeelte (Kaart L.G. No. A.707/28), alles van Carolinadorp en -dorpsgronde No. 255 tot by die suidoostelike baken van laasgenoemde Gedeelte 8, gemeenskaplik daaraan en die noordoostelike baken van gedeelte (Kaart No. 1243/96) van die plaas Groenvallei No. 193; daarvandaan suidweswaarts, suidwaarts en ooswaarts, langs onderskeidelik die noordelike, westelike en suidelike grense van genoemde gedeelte tot by Versfeldstraat; daarvandaan suidwaarts langs Versfeldstraat tot Van Riebeeckstraat; daarvandaan ooswaarts langs Van Riebeeckstraat tot by die oostelike baken van Erf No. 459, Carolinadorp; daarvandaan algemeen suidwaarts langs die grense van en insluitende die volgende erwe in Carolinadorp: Erwe Nos. 459 en 463 tot by die suidelikste baken van laasgenoemde Erf No. 463 op Voortrekkerstraat; daarvandaan ooswaarts langs Voortrekkerstraat tot by die oostelike grens van Du Toitstraat; daarvandaan suidwaarts langs die oostelike grens van Du Toitstraat tot by die suidelike grens van Pearcestraat; daarvandaan noordweswaarts langs die suidelike grens van Pearcestraat en sy verlenging tot waar dit die noordoostelike grens van gedeelte (Kaart L.G. No. A.4805/06) van Carolinadorp en -dorpsgronde No. 255 ontmoet, en verderaan noordweswaarts langs die noordoostelike grens van genoemde Gedeelte tot by sy noordelikste baken op die westelike grens van Carolinadorp en -dorpsgronde No. 255; daarvandaan noordwaarts langs genoemde westelike grens tot by die noordwestelike baken (geletter A op Kaart L.G. No. A.4584/05) van Carolinadorp en -dorpsgronde, die aanvangspunt.

INDIAN GROUP.

(*b*) Area comprising 20,000 morgen of land over portion of the farm Carolina Town and Townlands No. 255, District of Carolina, as represented with Diagram S.G. No. A.3024/55.

Group Areas Board—Reference No. G.G. 111/1/1.]
Surveyor-General—Reference No. 14257/6.]

No. 131, 1957.]

PROCLAMATION OF FARMS IN THE DISTRICTS OF UMTATA, UMZIMKULU, MOUNT FLETCHER, MOUNT FRERE, BUTTERWORTH, XALANGA, LUSIKISIKI AND TSOLO AS NATIVE LOCATIONS.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *nineteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), as amended, in respect of the definition of "Native Location" contained therein, I do hereby declare that the farms described in the accompanying Schedule shall be Native Locations for the purpose of the said Act.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-ninth day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-seven.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

SCHEDULE.

District.	*Name of Farm.*
Umtata.....	Orange Grove, Lot No. 39.
	Silverton, being Lot No. 36.
	Remaining portion of Lot No. 38 called Tjumbo.
	The farm Lot C, called Highbury and Delville.
	Lot No. 31 known as the farm Springvale.
	Remaining extent of the farm Amalinda.
	Lot No. 23 called Somerset.
	Egerton being Lot No. 24.
	Lot No. 19 called Preston.
	Portion No. 4 of the farm Nooitgedacht.
	Remainder of Nooitgedacht.
	Remaining extent of Lot No. 26 called Glendon.
Umzimkulu.....	Remaining extent of farm No. C. 55 called Bantam.
	Remaining extent of farm No. A. 115 named New Wales.
	Remaining extent of the farm No. A. 158 called Bultfontein.
	Portion of the farm Bultfontein.
	The farm No. A. 236 named Gowan Lea.
	Farm No. A. 86 named Falklands No. 2.
	Portion of the farm Zoet Melk Fontein.
	Portion No. 1 of Ibisi No. A. 300.
	Strydfontein No. A. 227.
	Annex Strydfontein of Grootverlangen South.
	Waverley portion of Deepdale Grange.
	Puff Addershoek No. A. 180.
Mount Fletcher.....	Sejoseng.
Mount Frere.....	Remaining extent of farm called Esek.
Butterworth.....	Teko Location Lot Nos. 10, 10A, 11, 11A, 11B, 12, 12A, 14 and 14A.
	Hillside—Lot Nos. 2, 2A, 3, 3A, 15 and 15A.
Xalanga.....	Lot No. 30 called Landula.
	Pendennis.
	Cala Pass.
	Lot No. 7 formerly called Sambula now called Haigston.
	Lot No. 6 formerly called Dabula now called Delville.
	Lot No. 10 called Penhurst, formerly called Samsam.
Lusikisiki.....	Erf No. 160 (Portion of Erf No. 49).
	Willow Park.
Tsolo.....	Mbuto farm portion of Tsolo Commonage.

INDIËRGROEP.

(b) Gebied bestaande uit 20,000 morge grond oor gedeelte van die plaas Carolinadorp en -dorpsgronde No. 255, distrik Carolina, soos voorgestel met Kaart L.G. No. A.3024/55.

Groepsgebiederaad—Verwysingsnommer G.G. 111/1/1.]
Landmeter-generaal—Verwysingsnommer 14257/6.]

No. 131, 1957.]

PROKLAMERING VAN PLASE IN DIE DISTRIKTE UMTATA, UMZIMKULU, MOUNT FLETCHER, MOUNT FRERE, BUTTERWORTH, XALANGA, LUSIKISIKI EN TSOLO TOT NATURELLELOKASIES.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *negentien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), soos gewysig, ten opsigte van die omskrywing van „Naturellelokatie" wat daarin voorkom, verklaar ek hierby dat die plase wat in bygaande Bylae omskryf word, vir die toepassing van genoemde Wet, Naturellelokasies is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Nege-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Sewe-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD,

BYLAE.

Distrik.	*Naam van Plaas.*
Umtata.....	Orange Grove, Perseel No. 39.
	Silverton synde Perseel No. 36.
	Resterende gedeelte van Perseel No. 38 genoem Tjumbo.
	Die plaas Perseel No. C, genoem Highbury en Delville.
	Perseel No. 31 bekend as die plaas Springvale.
	Resterende gedeelte van die plaas Amalinda.
	Perseel No. 23 genoem Somerset.
	Egerton synde Perseel No. 24.
	Perseel No. 19 genoem Preston.
	Gedeelte No. 4 van die plaas Nooitgedacht.
	Resterende gedeelte van Nooitgedacht.
	Resterende gedeelte van Perseel No. 26 genoem Glendon.
Umzimkulu.....	Resterende gedeelte van plaas No. C. 55 genoem Bantam.
	Resterende gedeelte van plaas No. A. 115 genoem New Wales.
	Resterende gedeelte van die plaas No. A. 158 genoem Bultfontein.
	Gedeelte van die plaas Bultfontein.
	Die plaas No. A. 236 genoem Gowan Lea.
	Plaas No. A. 86 genoem Falklands No. 2.
	Gedeelte van die plaas Zoet Melk Fontein.
	Gedeelte No. 1 van Ibisi No. A. 300.
	Strydfontein No. A. 227.
	Anneks Strydfontein van Grootverlangen-Suid.
	Waverley-gedeelte van Deepdale Grange.
	Puff Addershoek No. A. 180.
Mount Fletcher.....	Sejoseng.
Mount Frere.....	Resterende gedeelte van plaas genoem Esek.
Butterworth.....	Teko-lokasie persele Nos. 10, 10A, 11, 11A, 11B, 12, 12A, 14 en 14A.
	Hillside—Persele Nos. 2, 2A, 3, 3A, 15 en 15A.
Xalanga.....	Perseel No. 30 genoem Landula.
	Pendennis.
	Cala Pass.
	Perseel No. 7 voorheen genoem Sambula, nou Haigston.
	Perseel No. 6 voorheen genoem Dabula, nou Delville.
	Perseel No. 10 genoem Penhurst voorheen Samsam.
Lusikisiki.....	Erf No. 160 (Gedeelte van Erf No. 49.)
	Willow Park.
Tsolo.....	Mbuto-plaasgedeelte van Tsolo-dorpsgrond.

No. 132, 1957.]

SUSPENSION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE TOBACCO CONTROL ACT AND REGULATIONS THEREUNDER.

Under the powers vested in me by section *fifteen* of the Tobacco Control Act, 1932 (Act No. 19 of 1932), as amended, I do hereby suspend the provisions of sections *two, three, four, five, seven, eight, nine* and *ten* of the said Act and of the regulations made in terms of section *thirteen* thereof and published by Government Notices Nos. 537 and 1383 of 1933, 642 of 1936, 264 and 1765 of 1937 and 193 of 1938 for the period 1st July, 1957, up to and including 30th June, 1958.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twenty-ninth day of April, One thousand Nine hundred and Fifty-seven.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

S. P. LE ROUX.

No. 133, 1957.]

SEGREGATION OF NATIVES IN THE URBAN AREA OF VREDE.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *nine* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), I do hereby declare that with effect from the date of promulgation hereof all Natives, other than those exempted under the provisions of sub-section (2) of the said section, within the limits of the urban area of Vrede, shall reside in a location, Native village or Native hostel.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Second day of May, One thousand Nine hundred and Fifty-seven.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

H. F. VERWOERD.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 694.] [17 May 1957.

APPOINTMENT OF OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT.

It is hereby notified for general information that Her Majesty The Queen has been pleased to approve of the Honourable Henry Allan Fagan, Chief Justice of South Africa, administering the Government of the Union during the absence from the Union on vacation leave of His Excellency the Governor-General from 17th May to 5th September, 1957.

No. 132, 1957.]

OPSKORTING VAN SEKERE BEPALINGS VAN TABAKREËLINGSWET EN REGULASIES DAARONDER.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyftien* van die Tabakreëlingswet, 1932 (Wet No. 19 van 1932), soos gewysig, skort ek hierby die bepalings van artikels *twee, drie, vier, vyf, sewe, agt, nege* en *tien* van genoemde Wet, en van die regulasies uitgevaardig ingevolge artikel *dertien* daarvan en afgekondig by Goewermentskennisgewings Nos. 537 en 1383 van 1933, 642 van 1936, 264 en 1765 van 1937 en 193 van 1938, op vir die tydperk 1 Julie 1957 tot en met 30 Junie 1958.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Nege-en-twintigste dag van April Eenduisend Negehonderd Sewe-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

S. P. LE ROUX.

No. 133, 1957.]

AFSONDERING VAN NATURELLE IN DIE STADSGEBIED VREDE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *nege* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), verklaar ek hierby dat alle Naturelle, met uitsondering van dié wat kragtens subartikel (2) van genoemde artikel vrygestel is, binne die grense van die stadsgebied Vrede, met ingang van die datum van uitvaardiging hiervan in 'n lokasie, Naturelledorp of Naturelletehuis moet woon.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Tweede dag van Mei Eenduisend Negehonderd Sewe-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

H. F. VERWOERD.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 694.] [17 Mei 1957.

AANSTELLING VAN AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Haar Majesteit die Koningin behaag het om goed te keur dat Sy Edele Henry Allan Fagan, Hoofregter van Suid-Afrika, belas word met die uitoefening van die Uitvoerende Gesag van die Unie gedurende die afwesigheid uit die Unie met vakansieverlof van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal van 17 Mei tot 5 September 1957.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. 687.] [17 May 1957.

AMENDMENT TO THE RULES OF COURT OF THE TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION AND WITWATERSRAND LOCAL DIVISION OF THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased to approve of the following amendment to the Rules of Court of the Transvaal Provincial Division and Witwatersrand Local Division of the Supreme Court of South Africa framed by the Chief Justice and other Judges of the Supreme Court of South Africa in accordance with section *one hundred and eight* of the South Africa Act 1909:—

The insertion after rule *forty-two* of the following rule:—

"SUMMARY JUDGMENT.

42 *bis*. (1) Where the defendant has entered an appearance to defend the plaintiff may apply to the Court or a Judge in Chambers for summary judgment on each of such claims in the summons as is only—

(*a*) on a liquid document;

(*b*) for a liquid amount in money;

(*c*) for delivery of specified movable property;

(*d*) for ejection,

in addition to any claim for interest or costs.

(2) Such an application shall be served and lodged with the Registrar on not less than seven days' notice delivered not more than fourteen days after the date of expiry of the *dies induciae* stated in the summons and the plaintiff shall deliver with such notice an affidavit made by himself or by any other person who can swear positively to the facts verifying the cause of action and the amount, if any, claimed and stating that in his opinion there is no bona fide defence to the action and that appearance has been entered solely for the purpose of delay. If the claim is founded on a liquid document a copy of the document shall be annexed to such affidavit.

(3) Upon the hearing of an application for summary judgment the defendant may—

(*a*) pay into Court to abide the result of the action the sum sued for together with such sum for costs as may be agreed upon between the parties or, in the absence of agreement, as may be fixed by the Registrar of the Court; or

(*b*) if the claim sounds in money, give security to satisfy any judgment including costs which may be given against him in the action; or

(*c*) satisfy the Court by affidavit (a copy of which must be served on the plaintiff or his attorney not less than twenty-four hours prior to the time for such hearing) or with the leave of the Court by oral evidence of himself or of any other person who can swear positively to the facts that he has a bona fide defence to the action; such affidavit or evidence shall disclose fully the nature and grounds of the defence.

(4) No evidence may be adduced by the plaintiff otherwise than by the affidavit referred to in sub-rule (2) hereof nor may either party cross-examine any person who gives evidence *viva voce* or by affidavit: Provided that the Court may put to any person who gives oral evidence such questions as it considers may elucidate what the defence is.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. 687.] [17 Mei 1957.

WYSIGING VAN DIE REËLS VAN DIE HOF VAN DIE TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING EN WITWATERSRANDSE PLAASLIKE AFDELING VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

Dit het Sy Eksellendie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om goedkeuring te heg aan onderstaande wysiging van die Reëls van die Hof van die Transvaalse Provinsiale Afdeling en Witwatersrandse Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika wat deur die Hoofregter en ander Regters van die Hooggeregshof van Suid-Afrika ooreenkomstig artikel *honderd-en-agt* van die Zuid-Afrika Wet, 1909, opgestel is:—

Die invoeging na reël *twee-en-veertig* van die volgende reël:—

„SUMMIERE VONNIS.

42 *bis* (1) As 'n verweerder verskyning aangeteken het, kan die eiser die Hof of 'n Regter in Kamer nader vir summiere vonnis op elk van sodanige eise in die dagvaarding as wat net—

(*a*) op 'n likwiede dokument;

(*b*) vir 'n likwiede bedrag in geld;

(*c*) vir die lewering van gespesifiseerde roerende goedere;

(*d*) vir uitsetting,

benewens enige eis vir rente of koste is.

(2) Sodanige aansoek moet bestel en by die Griffier ingedien word met kennisgewing van minstens sewe dae afgelewer hoogstens veertien dae na verstryking van die *dies induciae* vermeld in die dagvaarding, en die eiser moet saam met sodanige kennisgewing 'n beëdigde verklaring lewer deur homself afgelê of deur enige ander persoon wat definitief die feite waarop die aksie gegrond is en die bedrag, geëis, as daar is, kan bevestig en wat verklaar dat, na sy mening, daar geen *bona fide* verweer teen die geding is nie en dat verskyning bloot vir die doel van vertraging aangeteken is. Indien die eis op 'n likwiede dokument gebaseer is, moet 'n afskrif daarvan aan die beëdigde verklaring geheg word.

(3) By die aanhoor van 'n aansoek om summiere vonnis kan die verweerder—

(*a*) in afwagting van die uitslag van die geding die bedrag waarvoor gedagvaar is tesame met so 'n bedrag vir koste waaroor die partye ooreengekom het of, by ontstentenis van 'n ooreenkoms, soos vasgestel deur die Griffier van die Hof, by die Hof inbetaal; of

(*b*) indien die eis 'n geldelike eis is, sekerheidstelling verskaf om aan enige vonnis, met inbegrip van koste wat in die geding teen hom toegestaan mag word, te voldoen; of

(*c*) die Hof tevredestel deur beëdigde verklaring (waarvan 'n afskrif aan die eiser of sy prokureur minstens vier-en-twintig uur voor sodanige aansoek aangehoor word, bestel moet word) of, met die verlof van die Hof, deur mondelinge getuienis van homself of van enige ander persoon wat definitief die feite kan bevestig dat hy 'n *bona fide* verweer teen die geding het; sodanige beëdigde verklaring of getuienis moet volledig die aard en gronde van die verweer openbaar.

(4) Die eiser mag geen ander getuienis as die beëdigde verklaring genoem in subreël (2) hiervan aanvoer nie en die partye mag ook nie iemand wat getuienis mondeling of deur beëdigde verklaring aflê, onder kruisverhoor neem nie: Met dien verstande dat die Hof aan iemand wat mondelingse getuienis aflê sodanige vrae mag stel as wat volgens sy beskouing kan toelig wat die verdediging is.

(5) If the defendant does not either pay into Court or find security or satisfy the Court as provided in sub-rule (3) (*c*) the Court may enter summary judgment for the plaintiff.

(6) If on the hearing of an application made under this rule it appears—

(*a*) that any defendant is entitled to leave to defend and any other defendant is not so entitled; or

(*b*) that the defendant is entitled to leave to defend as to part of the claim the Court may—

(i) give leave to defend to a defendant so entitled thereto and give judgment against the defendant not so entitled; or

(ii) give leave to defend to the defendant as to such part of the claim and enter judgment against the defendant as to the balance of the claim unless the defendant shall have paid such balance to the plaintiff or into Court; or

(iii) make both orders mentioned in (i) and (ii).

(7) If the defendant so pays into Court or finds security or he satisfies the Court as prescribed in sub-rule (3), the Court shall give leave to defend, and the action shall proceed as if no application for summary judgment had been made, but the time within which the declaration is to be filed in terms of rule *twenty-eight* shall be deemed to run from the date on which the Court grants leave to defend.

(8) Leave to defend may be given unconditionally or subject to such terms as to security or time or mode of trial or otherwise as the Court may think fit.

(9) The Court may at the hearing of such application make such order as to costs as it may deem equitable: Provided that—

(*a*) where the plaintiff makes an application under this Rule, where the case is not within the Rule, or where the plaintiff, in the opinion of the Court, knew that the defendant relied on a contention which would entitle him to unconditional leave to defend, the Court may order that the action be stayed until the plaintiff has paid the defendant's costs; and

(*b*) if in any case in which summary judgment was refused and in which the Court after trial gives judgment for the plaintiff substantially as prayed, the Court finds that summary judgment should have been granted had the defendant not raised a defence which in its opinion should not have been raised the Court may order the plaintiff's costs of the action to be taxed as between attorney and client.

(10) If the defendant against whom judgment in terms of this rule has been grantd satisfies the said judgment within one month thereafter or within such extended time not being more than three months in all, as the Court may at the time of giving judgment allow, he may within one month after so satisfying the judgment, apply to the Court to set aside the judgment and the Court may set aside such judgment and give leave to defend and may further give directions as to the giving of security or time or mode of trial or otherwise as the Court sees fit. Where such leave is given the action shall proceed in the ordinary way subject to any such directions which the Court may have given."

(5) Indien die verweerder nie by die Hof inbetaal of sekerheidstelling verskaf of die Hof tevredestel soos in subreël (3) (*c*) bepaal nie, kan die Hof summiere vonnis ten gunste van die eiser aanteken.

(6) Indien dit by die aanhoor van 'n aansoek ingevolge hierdie reël gedoen, blyk—

(*a*) dat enige verweerder geregtig is op verlof om te verdedig en enige ander verweerder nie aldus geregtig is nie; of

(*b*) dat die verweerder geregtig is op verlof om te verdedig met betrekking tot 'n gedeelte van die eis, mag die Hof——

(i) verlof om te verdedig verleen 'n verweerder wat aldus daartoe geregtig is en vonnis aanteken teen 'n verweerder wat nie aldus daartoe geregtig is nie; of

(ii) die verweerder verlof verleen om sodanige gedeelte van die eis te verdedig en vonnis vir die balans van die eis teen hom aanteken tensy die verweerder sodanige balans aan die eiser betaal het of by die Hof inbetaal het; of

(iii) beide bevele genoem in (i) en (ii) gee.

(7) Indien die verweerder aldus by die Hof inbetaal of sekerheidstelling verskaf of die Hof tevredestel soos bepaal in subreël (3), moet die Hof verlof om te verdedig verleen en word die geding voortgesit asof geen aansoek om summiere vonnis gedoen was nie, maar die tyd waarin die verklaring ingevolge reël *agt-en-twintig* ingedien moet word, word geag te loop vanaf die datum waarop die Hof verlof verleen om te verdedig.

(8) Verlof om te verdedig kan onvoorwaardelik of onderworpe aan sodanige voorwaardes met betrekking tot sekerheidstelling of tyd of wyse van aanhoor of andersins as wat die Hof mag goedvind, verleen word.

(9) By die aanhoor van sodanige aansoek kan die Hof sodanige bevel met betrekking tot koste gee as wat hy billik ag: Met dien verstande dat—

(*a*) wanneer 'n eiser 'n aansoek doen ingevolge hierdie reël as die saak nie binne die reël val nie of waar die eiser, volgens die Hof se mening, bewus was dat die verweerder hom verlaat op 'n bewering wat hom geregtig sou maak op onvoorwaardelike verlof om te verdedig, die Hof kan gelas dat die geding opgeskort word totdat die eiser die verweerder se koste betaal het; en

(*b*) indien in enige saak waarin summiere vonnis geweier is en waarin die Hof na aanhoor van die geding vonnis in 'n wesenlike mate soos versoek, aanteken, die Hof bevind dat summiere vonnis aangeteken moes geword het as die verweerder nie 'n verdediging opgewerp het wat volgens sy mening nie opgewerp moes geword het nie, die Hof kan gelas dat die eiser se koste soos tussen prokureur en kliënt getakseer moet word.

(10) Indien die verweerder teen wie vonnis ingevolge hierdie reël aangeteken is, aan die vonnis voldoen binne een maand daarna of binne sodanige verlengde tyd van hoogstens drie maande alles tesaam, soos wat die Hof ten tyde van die vonnis mag toelaat, mag hy binne een maand na sodanige voldoening aan die vonnis by die Hof aansoek doen om die vonnis ter syde te stel en die Hof kan sodanige vonnis ter syde stel en verlof om te verdedig verleen en kan verder voorskrifte gee met betrekking tot sekerheidstelling of tyd of manier van aanhoor of andersins soos die Hof goedvind. Waar sodanige verlof verleen is, gaan die verhoor voort op die gewone manier onderworpe aan sodanige voorskrifte as wat die Hof mag gegee het."

No. 692.] [17 May 1957.

INCORPORATED LAW SOCIETY OF THE TRANSVAAL.—AMENDMENT OF BYE-LAWS.

His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *thirty-seven* of Ordinance No. 1 (Private) of 1905, Transvaal, to approve of the following amendment to the Bye-laws of the Incorporated Law Society of the Transvaal, promulgated by Government Notice No. 1657 of the 15th November, 1935, as amended:—

1. The substitution for Bye-Law 47 of the following Bye-Law:—

"47. Unprofessional or dishonourable or unworthy conduct on the part of an attorney, notary or conveyancer shall include *inter alia* the following:—

(1) *Touting.*—Without prejudice to the generality of the meaning of the word 'touting', an attorney, notary or conveyancer shall be deemed to be guilty of touting if he—

(*a*) (i) accepts or agrees to accept or offers to accept remuneration at less than the rate or scale of charges fixed by statute or regulation or Bye-Law or by resolution of the Council; or

(ii) by his conduct directly or indirectly holds himself out or allows himself to be held out as being prepared to do professional work at less than such rate or scale of charges,

unless he proves that he did not do so with the object of attracting work or business;

(*b*) advertises, either in his professional capacity or as agent or auctioneer and whether in his own name or in a trade or fictitious name or in the name of a company or partnership in which he is interested and whether his professional qualifications are mentioned or not, in any manner in which the public is invited to entrust to him professional work or agency work or any other business or in which he gives out that he is prepared and/or qualified to do such work or in which he invites any person to entrust to him the sale of any matter or thing;

(*c*) advertises by means of signboards (other than the usual office signs of reasonable size and with lettering not exceeding 6 inches in height, exhibited or painted on outer doors, windows or walls of his office premises), posters, bioscope screens, neon or other similar signs and the like;

(*d*) canvasses for work, whether of a professional or non-professional character;

(*e*) procures or allows his name or that of any firm in which he is interested to appear in any client's advertisement (other than a prospectus, offer for sale or statement issued in accordance with the laws or regulations relating to companies or the regulations of a recognised Stock Exchange) indicating that he or his firm holds the appointment of attorney, notary or conveyancer to such client or any other person or company.

No. 692.] [17 Mei 1957.

INGELYFDE WETSGENOOTSKAP VAN TRANSVAAL.—WYSIGING VAN BYWETTE.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *sewe-en-dertig* van Ordonnansie No. 1 (Privaat) van 1905, Transvaal, sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysigings van die Verordeninge van die Ingelyfde Wetsgenootskap van Transvaal, wat by Goewermentskennisgewing No. 1657 van 15 November 1935, soos gewysig, uitgevaardig is.

1. Die vervanging van Verordening 47 deur die volgende verordening:—

„47. Onprofessionele of oneerbare of onbetaamlike gedrag van die kant van 'n prokureur, notaris of transportbesorger sluit onder meer die volgende in:—

(1) *Werwing (Touting).*—Sonder om afbreuk te doen aan die algemeen geldende betekenis van die woord „werwing", word dit beskou dat 'n prokureur, notaris of transportbesorger skuldig is aan „werwing" indien hy—

(*a*) (i) beloning aanneem, of ooreenkom of aanbied om beloning aan te neem teen 'n laer skaal as dié wat by wet, of regulasie of verordening of deur 'n Raadsbesluit bepaal is; of

(ii) deur sy gedrag regstreeks of onregstreeks te kenne gee of veroorloof dat te kenne gegee word dat hy bereid is om professionele werk te verrig teen minder as sodanige vasgestelde skaal;

tensy hy bewys lewer dat hy nie so gehandel het met die doel om werk of besigheid te lok nie;

(*b*) hetsy in sy professionele hoedanigheid of as agent of vendu-afslaer, en hetsy in sy eie naam of in 'n handels- of fiktiewe naam of in die naam van 'n maatskappy of vennootskap waarby hy belang het, en/of sy professionele bevoegdhede genoem word al dan nie, op enige wyse so adverteer dat lede van die publiek uitgenooi word om professionele werk, of agentskapwerk of enige andere besigheid aan hom toe te vertrou, of waardeur hy te kenne gee dat hy bereid en/of bevoegd is om sulke werk te doen, of waardeur hy enige persoon uitnooi om aan hom die verkoop van enige saak of ding op te dra;

(*c*) deur middel van uithangborde (behalwe die gebruiklike kantooraanwysings van 'n redelike grootte en met letters van hoogstens 6 duim, vertoon of geverf op die buite-deure, vensters of mure van sy kantoor), aanplakbiljette, bioskoopdoeke, neon- of soortgelyke tekens, of op dergelike wyse, adverteer;

(*d*) werk verf, hetsy van professionele aard of andersins;

(*e*) dit verkry, of veroorloof, dat sy naam of die naam van enige firma waarby hy belang het, in enige kliënt se advertensie (uitgesonderd 'n prospektus, aanbod van verkoop, of verklaring kragtens die wetsbepalings of regulasies betreffende maatskappye, of die verordeninge van 'n erkende aandelebeurs) verskyn, waaruit dit blyk dat hy of sy firma die aangestelde prokureur, notaris of transportbesorger van sodanige kliënt of enige ander persoon of maatskappy is.

(2) The employment of any person who is not a duly qualified attorney, notary or conveyancer, at a remuneration based either wholly or in part on fees earned through work performed by him or by his employer or the latter's firm or on fees so earned from any client brought by him into the employer's business or introduced by him to the employer or the latter's firm: Provided that it shall not be deemed to be a contravention of this Bye-Law if an attorney, notary or conveyancer employs an unqualified person in connection with the non-professional part of his business and remunerates his wholly or in part on a commission basis.

(3) Any contravention of sub-section (3) of section *thirty-two* of the Act.

(4) Any contravention of sub-section (4) of section *thirty-two* of the Act, and/or the giving or taking of allowances in contravention of the provisions of the Act or the Ordinance or these Bye-Laws and regulations.

(5) The entering into partnership or other profit-sharing arrangement with any person who is not an attorney, notary or conveyancer in connection with the performance of any work or business proper to the calling of an attorney, notary or conveyancer or commonly associated therewith.

(6) The sharing of offices with or the occupation of offices having direct communication with any office occupied by any person who is not an attorney, notary or conveyancer, or in the employ of an attorney, notary or conveyancer.

(7) In any way assisting, allowing or enabling an unqualified person to charge, recover or receive any fee or derive any remuneration for or in respect of or in connection with the preparation or execution of any document or the performance of any professional work which only an attorney, notary or conveyancer is qualified by law to prepare, sign, execute, attest or perform, or in any way conniving at any arrangement, agreement or understanding whatsoever whereby any such fee or remuneration is or shall be charged, recovered or received by any such unqualified person.

(8) (*a*) Any contravention of sub-section (1) of section *thirty-three* of the Act and/or withholding the payment of trust moneys without lawful excuse.

(*b*) The failure to keep and for at least five years to retain and preserve proper books of account containing a full and accurate record of all his financial transactions, excluding only such matters as have no relation to his practice, which books shall not be deemed to have been properly kept if they be at any time more than one month in arrear.

(9) Inserting and/or allowing to be inserted his name or that of any firm in which he is interested, in any publication except a legal or telephone directory or law list or a publication devoted solely to legal matters.

(10) Inserting and/or allowing his name to be inserted in any telephone or other directory or law list in type other than ordinary type or inserting it or allowing it to be inserted in such a manner as to give it prominence.

(2) Die indiensneming van enige persoon wat nie 'n behoorlik gekwalifiseerde prokureur, notaris of transportbesorger is nie, teen 'n besoldiging geheel of gedeeltelik gebaseer op gelde ten gevolge van sy werk of dié van sy werkgewer of laasgenoemde se firma verdien, of op gelde wat verdien is ten gevolge van werk verrig vir enige kliënt deur hom na sy werkgewer se besigheid gebring of deur hom aan die werkgewer of laasgenoemde se firma voorgestel: Met dien verstande dat dit nie as 'n oortreding van hierdie Verordening beskou word nie indien 'n prokureur, notaris of transportbesorger 'n ongekwalifiseerde persoon in diens neem in verband met die nie-professionele deel van sy besigheid en hom geheel en al of gedeeltelik op 'n kommissie-basis besoldig.

(3) 'n Oortreding van subartikel (3 van artikel *twee-en-dertig* van die Wet.

(4) 'n Oortreding van subartikel (4) van artikel *twee-en-dertig* van die Wet en/of die neem of gee van toelaes in stryd met die bepalings van die Wet, of die Ordonnansie of hierdie verordeninge en regulasies.

(5) Die aangaan van 'n vennootskap of ander winsdelende ooreenkoms vir die verrigting van enige werk of besigheid wat tuishoort by die beroep van 'n prokureur, notaris of transportbesorger of wat gewoonlik daaraan verbonde is, met enige persoon wat nie 'n prokureur, notaris of transportbesorger is nie.

(6) Die deel van kantore met enige persoon wat nie 'n prokureur, notaris of transportbesorger of nie in diens van 'n prokureur, notaris of transportbesorger is nie, of die gebruik van kantore wat direk tussenverbind is met kantore wat deur so 'n ongekwalifiseerde persoon gebruik word.

(7) Ongekwalifiseerde persoon op enige wyse bystaan, toelaat of in staat stel om enige gelde of besoldiging te vra, te verhaal of te ontvang ten opsigte van of in verband met die opstel of verlyding van enige dokument, of die verrigting van enige professionele werk wat uitsluitlik kragtens wet slegs deur 'n prokureur, notaris of transportbesorger opgestel, onderteken, verly, geattesteer of verrig mag word; of oogluikend enige reëling, ooreenkoms of verstandhouding toelaat waardeur enige gelde of besoldiging gevra, verhaal of ontvang word of sal word deur enige sodanige ongekwalifiseerde persoon.

(8) (*a*) Enige oortreding van subartikel (1) van artikel *drie-en-dertig* van die Wet en/of versuim om sonder wettige verontskuldiging trustgelde uit te betaal.

(*b*) Versuim om behoorlike boeke met 'n volledige en juiste weergawe van al sy finansiële handelinge, uitgesonderd die sake wat nie in verband met sy praktyk staan nie, te hou, en om sulke boeke vir ten minste vyf jaar te bewaar. Sodanige boeke word nie geag behoorlik gehou te wees nie indien die inskrywings daarin te eniger tyd vir meer as een maand agterstallig is.

(9) Die plasing en/of toelating van die plasing van sy naam of die naam van enige firma waarby hy belang het in enige publikasie behalwe 'n wets- of telefoongids, of 'n lys van praktisyns of 'n publikasie uitsluitlik aan regsaangeleenthede toegewy.

(10) Die plasing en/of toelating van die plasing van sy naam in enige telefoon- of ander adresboek of lys van praktisyns anders as in gewone druk, of die plasing of toestemming tot plasing daarvan op so 'n wyse dat dit spesiaal aandag trek.

(11) Inserting or allowing to be inserted on his letterheads, professional cards or the like any qualifications he may hold other than—

(*a*) legal qualifications; or

(*b*) any degree; or

(*c*) the words 'Administrator of Estates, Auctioneer, Deputy-Sheriff, Real Estate or General Agent'.

(12) Inserting or allowing to be inserted on his letterheads, professional cards or the like the names of any of his clients or any appointments he may hold other than that of justice of the peace, commissioner of oaths or sworn appraiser.

(13) Publishing under or over his name in the lay press any article on legal subjects, lecturing to any audiences or broadcasting on any legal subject without the previous approval of the Council.

(14) Claiming costs in a letter of demand unless specifically provided for in the contract or instrument of debt.

(15) Non-payment of his annual subscription to the Society after demand.

(16) Arranging for or accepting from any person directly or indirectly any sum of money by way of retainer or payment in anticipation of services to be rendered in the future or disbursements to be so made, either wholly or partially, in connection with any criminal charge in respect of which no offence has at that date been committed, provided, however, that this Bye-Law shall not apply where such retainer or payment is made by a club, association or insurance company for the benefit of any member or policy-holder who might be thus prosecuted and which club, association or insurance company and the amount of the retainer payable have been approved by the Council of the Law Society.

(17) Receiving or accepting from any person not belonging to the White Group as defined in the Group Areas Act, 1950 (Act No. 41 of 1950), or any amendment thereof, any fee, remuneration, deposit or security in excess of an amount reasonably necessary to cover remuneration for work performed or to be performed at the rates mentioned in paragraph (1) (*a*) above and, in addition, failing to issue a proper receipt for any such amount or security at the time of receipt thereof.

(18) Any breach of the provisions of the Act or the Ordinance or these Bye-Laws and regulations or of any resolution of the Counell.

Provided that it shall not be deemed to be a contravention of this Bye-Law if an attorney, notary or conveyancer—

(i) who carries on the business of an auctioneer, advertises the date and place of the intended holding of a stock fair without inviting entries therefor;

(ii) exhibits on the outside of any property entrusted to him for sale or letting signboards or 'for sale' or 'to let' notices and thereafter indicates thereon in suitable form that such property has been sold or let as the case may be;

(iii) exhibits the signs or name-plates of a building society, insurance company or travel agency on the outside of his professional premises;

(11) Die plasing en/of toelating van die plasing op sy briefhoofde, professionele kaartjies of iets dergeliks van enige kwalifikasies, behalwe—

(*a*) regskwalifikasies; of

(*b*) enige graad; of

(*c*) die woorde „Boedelberedderaar, Vendu-afslaer-, Onder-balju, Eiendoms- of Algemene Agent".

(12) Die plasing en/of toelating van die plasing op sy briefhoofde, professionele kaartjies of iets dergeliks van die name van sy kliënte of die vermelding van enige aanstelling wat hy mag hou behalwe dié van vrederegter, kommissaris van ede of beëdigde taksateur.

(13) Publikasies onder of bo sy naam in die lekepers van enige artikel aangaande regsonderwerpe, lesings aan enige gehoor en/of oor enige regsonderwerp uitsaai sonder om vooraf die goedkeuring van die Raad daartoe te verkry.

(14) Koste in 'n aanskrywing eis tensy die kontrak of skuldakte vir sodanige koste voorsiening maak.

(15) Versuim om na aanskrywing die jaargelde van die Genootskap te betaal.

(16) Regstreeks of onregstreeks met enige persoon 'n ooreenkoms aangaan vir, of van hom betaling van enige bedrag aanneem as besprekingshonorarium of vooruitbetaling vir dienste gelewer of uitgawe aangegaan te word in sy geheel of gedeeltelik ten opsigte van enige kriminele aanklag ten aansien waarvan op die datum geen oortreding begaan is nie, met die voorbehoud dat hierdie verordening nie van toepassing is in die geval waar sodanige besprekingshonorarium of vooruitbetaling deur 'n klub, genootskap of assuransiemaatskappy vir die voordeel van enige lid of polishouer wat vervolg mag word, gedoen is nie, en op voorwaarde dat sowel die besondere klub, genootskap of assuransiemaatskappy as die bedrag van die besprekingshonorarium vooraf deur die Raad van die Wetsgenootskap goedgekeur is.

(17) Die ontvangs of aanname van enige gelde, beloning, deposito of sekuriteit, bo die bedrag wat redelik nodig is, om hom te vergoed vir enige werk wat verrig is of wat nog verrig moet word, teen die skaal genoem in paragraaf (1) (*a*) hierbo, van enige persoon wat nie 'n lid van die Blanke Groep, soos omskryf in die Wet op Groepsgebiede, 1950 (Wet No. 41 van 1950) of enige wysiging daarvan, is nie, en daarbenewens om sodanige bedrag of sekuriteit van sodanige persone te ontvang of aan te neem sonder om, by die ontvangs daarvan, 'n behoorlike kwitansie daarvoor uit te reik.

(18) Enige oortreding van die bepalings van die Wet, die Ordonnansie, of hierdie verordening en regulasies, of van enige Raadsbesluit.

Met dien verstande dat dit nie as 'n oortreding van hierdie verordening beskou word nie indien 'n prokureur, notaris of transportbesorger—

(i) wat sake doen as vedu-afslaer, die plek en datum van 'n beoogde veevendusie adverteer sonder om inskrywings daarvoor te vra;

(ii) by enige eiendom vir verkoop of verhuur aan hom toevertrou 'n „Te Koop"- of „Te Huur"-uithangbord vertoon en ook daarop in geskikte vorm aankondig dat die betrokke eiendom verkoop of verhuur is, na gelang van die geval;

(iii) die uithangborde of naamplate van 'n bougenootskap, assuransiemaatskappy, of reisburo buite sy professionele kantore vertoon;

(iv) allows a building society, insurance company or travel agency, which he represents as agent, to indicate in any of its advertisements or in its annual reports by a simple statement to that effect that such attorney, notary, or conveyancer is its duly appointed agent;

(v) tenders for appointment as a valuer for a municipality or other local authority in response to any advertisement or request therefor;

(vi) when acting for any client inserts in the *Government Gazette* or other necessary newspapers any advertisement required by law and indicates therein that he is acting on behalf of that client."

2. The addition after Bye-Law 61 of the following Bye-Law:—

